



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**DIRECTORATE SENIOR CURRICULUM MANAGEMENT (SEN-FET)**

**HOME SCHOOLING SELF-STUDY WORKSHEET**

<b>SUBJECT</b>	Afrikaans Huistaal	<b>GRADE</b>	12	<b>DATE</b>	30 March
<b>TOPIC</b>	<u>Taalverskynsels</u>	<b>TERM 1 REVISION</b>	(Please tick)	<b>TERM 2 CONTENT</b>	(Please tick)
<b>TIME ALLOCATION</b>	1 uur	<p style="text-align: center;"><b><u>TIPS TO KEEP HEALTHY</u></b></p> <ol style="list-style-type: none"><li>1. <b>WASH YOUR HANDS</b> thoroughly with soap and water for at least 20 seconds. Alternatively, use hand sanitizer with an alcohol content of at least 60%.</li><li>2. <b>PRACTICE SOCIAL DISTANCING</b> – keep a distance of 1m away from other people.</li><li>3. <b>PRACTISE GOOD RESPIRATORY HYGIENE:</b> cough or sneeze into your elbow or tissue and dispose of the tissue immediately after use.</li><li>4. <b>TRY NOT TO TOUCH YOUR FACE.</b> The virus can be transferred from your hands to your nose, mouth and eyes. It can then enter your body and make you sick.</li><li>5. <b>STAY AT HOME.</b></li></ol>			
<b>INSTRUCTIONS</b>	Lees die vraae en gee antwoorde				

## Taalverskynsels

Woordeskatuitbreiding kan ook deur middel van taalverskynsels plaasvind.

### 1. Klanknabootsing

Definisie: Hierdie woorde boots sekere geluide na.

Voorbeelde: toktokkie, blêr, knars, ritssluiters, snork, trieng-trieng, zoem, krys, kaplaks, ens.

Opdrag: Skryf nou jou eie drie voorbeelde neer.

1.1.....

1.2.....

1.3.....

### 2. Woordoortollingheid/Pleonasme

Definisie: Twee of meer woorde word gebruik terwyl die betekenis van die een reeds in die ander opgesluit word. Dit is dus onnodige herhaling in 'n sin en moet vermy word.

Voorbeelde: Ek dink by myself dat my onderwyser darem baie vervelig is.

Die bure langsaan raas darem baie.

Sy loop te voet skool toe.

Die weduwee wie se man dood is, kry nou swaar.

Susan wil voor die eksamen weer haar werk hersien.

Opdrag: Skryf nou jou eie drie voorbeelde neer.

2.1.....

2.2.....

2.3.....

### 3. **Toutologie**

Definisie: Die opstapeling van woorde waarvan die betekenis dieselfde is. Toutologie kom gewoonlik in 'n woord voor en moet vermy word.

Voorbeelde: graftombe, tortelduif, brokstuk, lintwurm, walvis, damwal, kabeltou

Opdrag: Skryf nou jou eie drie voorbeelde neer.

3.1.....

3.2.....

3.3.....

*In Afrikaans word die toutologie wat in sekere meervoudsvorme en verkleiningsvorme voorkom, aanvaar.*

Voorbeelde: eiers, kinders, kalwers, mandjietjie, koppietjie, boontjietjie

### 4. **Kontaminasie/Taalbesmetting**

Definisie: Twee woorde of uitdrukkings met min of meer dieselfde betekenis word vermeng om een woord te vorm.

Voorbeelde: *verneuk* en *kul* = verkul

*van plan* en *voornemens* = van voornemens

*afsluit* en *eindig* = afeindig

*skokkend* en *skrikwekkend* = skokwekkend

*in plaas van* en *in die plek van* = in pleks van

Opdrag: Skryf nou jou eie drie voorbeelde neer.

4.1.....

4.2.....

4.3.....

## 5. Analogie

Definisie: Nuwe woorde, vorme en konstruksies word gevorm deur 'n voorbeeld, wat reeds bestaan, te volg.

Voorbeelde: blesbok = rooibok, gemsbok, springbok, ens.

ruimtetuig = ruimtestasie, ruimtevaarder, ruimtekapsule, ens.

kitskoffie = kitsnagereg, kitskos, kitsklaar, ens.

stedeling = drenkeling, suigeling, ens.

Opdrag: Skryf nou eie drie voorbeelde neer.

5.1.....

5.2.....

5.3.....

Let wel: Soms word die verkeerde voorbeeld gevolg( Valse analogie):

Voorbeelde: jaste i.p.v. jasse

mage i.p.v. mae

meerder i.p.v. meer

## 6. Volksetimologie

Definisie: Het uit onkunde of grappenderwys ontstaan.

Voorbeelde: *baie sukkel* = bicycle

*dronknes* = drunkenness

*bloekomboom* = blue gum tree

*kosmyniks* = cosmetics

*spinnerak* = spinrag(rag = weefsel)

## 7. Oefening:

Sê deur middel van watter taalverskynsel die skuinsgedrukte woorde gevorm is:

7.1 Sy het al sewe borde *stukkend gebreek*.

7.2 Die *ou bejaarde* het *bromkatjies*.

7.3 Die *kokkewiet* in my tuin sal *binnegou* begin om 'n nes te bou.

7.4 Die *meisietjie* sê haar skoolhemp se *boordjietjie* is te klein.

7.5 Die *oujongnoui, sonder 'n man*, se *modderkar* het sonder brandstof gaan staan.

7.6 Tussen die *boste* sal dit baie *warmder* wees as op die strand.

7.7 Ons het *papsopnat* gerëen omdat ons *voortdurig* buite moes speel.

7.8 Ek bekommer *myself* dat ons *definitief seker* nie vir al die take sal voltooi nie.

7.9 *Ek persoonlik* dink die vroue se *hoedens* was uitspattig

7.10 Die *hoep-hoep* kap teen die *bloekom* se stam.